

## Etherington oor die Afrikaner en die Groot Trek

Jan C. Visagie\*

In die voorwoord van sy *The Great Treks: The Transformation of Southern Africa, 1815-1854*,<sup>1</sup> vertel professor Norman Etherington dat die Groot Trek nie meer as groot beskou word nie en ook nie langer as die sentrale gebeurtenis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis figureer nie. Volgens hom het die einde van apartheid die grootste deel van die mark vir 'n boek oor die Groot Trek vernietig. Hy gaan voort om met groot gesag te verklaar dat die toekoms van nuwe publikasies oor hierdie onderwerp geleë is in 'n geïntegreerde geskiedenis waarin al die negentiende-eeuse migrasies en leiers gelyke aandag geniet. Etherington gebruik dan ook die meervoudsvorm van "trek" in sy boektitel omdat hy meer as een migrasie behandel.

### Vooringenome standpunt?

Bogenoemde was die antwoord wat Etherington verskaf het toe 'n uitgewer hom genader het met die versoek om die skryf van 'n boek oor die Groot Trek as 'n keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika te oorweeg. Die vraag is nou of Etherington se navorsing oor die betekenis van die Groot Trek op hierdie tydstip dan al so ver gevorder was dat hy toe reeds hierdie stelling kon maak. Indien hy toe nog nie met sy navorsing begin het nie, soos dit wel vir 'n mens wil voorkom, dan het ons hier 'n historikus wat in die eerste paragraaf van sy boek erken dat hy die bronne met 'n vooringenome standpunt benader het. Heel moontlik sal die skrywer dit kan verduidelik, maar sy studente sou nie verkwalik kon word indien hulle bogenoemde gevolgtrekking sou deel nie. En terloops: die ideaal van 'n geïntegreerde geskiedenis van Suid-Afrika word al baie jare gedebatteer en daar was al 'n paar pogings in dié verband. Wat laasgenoemde betref, kan Etherington se publikasie werklik verwelkom word. En inderdaad is daar elders groot gedeeltes in sy boek wat 'n besondere vars blik op die Suid-Afrikaanse geskiedenis werp en prikkelende insigte na vore bring wat dit vir historici die moeite werd maak om van die boek en die gesigspunte kennis te neem. In hierdie bespreking gaan dit egter hoofsaaklik oor sy uitsprake in verband met die Groot Trek en aspekte rakende die Afrikaner in die geskiedenis.

\* Doktor Jan C. Visagie is 'n afgetrede dosent van die Departement Geskiedenis, Universiteit van Stellenbosch.

1. N. Etherington, *The Great Treks: The Transformation of Southern Africa, 1815-1854* (Harlow, England / Longman, New York, 2001), p x. Alle verdere verwysings na spesifieke bladsye in hierdie publikasie sal deurgaans in die teks voorkom.

## Die benaming “Groot Trek”

Dit kan tog nie wees dat Etherington die twee woorde “Groot” en “Trek” kontekstueel nie heeltemal korrek verstaan nie. In die pionierslewe van die agtiende en negentiende eeu het die woord “trek” gewoonlik beteken iemand wat met sy ossewa en vee iewers heen verhuis. Veeboere wat as gevolg van droogte of ander redes op ’n gereelde basis met hulle vee na beter weiveld beweeg het, is mettertyd as trekboere bestempel. Gedurende die aanvangsjare van die Groot Trek was daar nog nie die perspektief van ’n heel nuwe georganiseerde massa-emigrasie nie. Deelnemers is met trekboere vereenselwig en inderdaad so genoem. Die skrywer sou waarskynlik al lankal van bogenoemde feite kennis geneem het, maar het hy die volgende in berekening gebring toe hy die titel en bogenoemde uitsprake gemaak het? Die woord “trek” was byna uitsluitlik aan die ossewa gekoppel, want dit was die boer se vervoermiddel, ambulans, slaapplek, kombuis, skuilplek en vele meer. Gedurende die negentiende eeu, is die woord “trek” dus hoofsaaklik in Suid-Afrika gebruik vir mense wat met ossewaens beweeg het. Dit het veral betrekking gehad op die trekboere en Voortrekkers (insluitende Griekwas) se migrasies. Mettertyd het die betekenis daarvan ’n verruiming ondergaan wat hier nie ter sake is nie.<sup>2</sup> Etherington gebruik sy titel *The Great Treks* dan blykbaar in ’n breër verband, want die bewegings waarna hy verwys, het dikwels te doene met swart migrasies waarby die ossewa nie gebruik is nie. Die hooftitel van sy werk is juis daarom nie suiwer korrek nie en kan met die eerste oogopslag misleidend wees.

Die benaming “Groot Trek” is deur Afrikanerhistorici, en seker ook die meeste ander Suid-Afrikaanse skrywers, gebruik om aan te dui dat dit ’n spesifieke massa-emigrasie van Afrikanerboere was. Daarmee is beslis nie bedoel dat dit groter as ander gemeenskappe se migrasies was nie. Dit dui bloot aan dat dit die grootste massa-emigrasie van Afrikanerboere tot datum was. Die meeste Suid-Afrikaanse historici sal nog baie lank die benaming “Groot Trek” gebruik, al sou nuwe perspektiewe – om die woorde van C.F.J. Muller te gebruik – die vertolking daarvan “van songgrootte tot stergrootte”<sup>3</sup> laat krimp.

- 
2. Reeds so vroeg as September 1847 praat L.H. Meurant in algemene verband van “a great *trek*.” Die betrokke sin lui: “I much fear a great *trek* amongst the Dutch unless something be done for them ... All I have lately seen talk of selling their farms and trekking over the Orange River.” Bron: Kaapse Argiefbewaarplek (KAB), LG 464, Semi-official, Letters received: L.H. Meurant – J.C. Chase, Grahamstown, 17 September 1847, p 142.
  3. C.F.J. Muller, *Die Oorsprong van die Groot Trek* (Tafelberg, Kaapstad, 1974; UNISA, Pretoria, 1987), p 19.

## Hoe groot was die Groot Trek?

Dit sou om verskeie redes onmoontlik en onnodig wees om die paar migrasies in Suid-Afrika teen mekaar op te weeg ten einde vas te stel watter die grootste was. In die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch byvoorbeeld, het dosente nog altyd moeite gedoen om die Groot Trek in perspektief ten opsigte van ander migrasies te stel. Die sterk moontlikheid is vir studente genoem dat wat getalsterkte betref, die Groot Trek deur enkele ander migrasies in die wêreld (en moontlik ook in Suid-Afrika) “verdwerg” sou word. Genoemde Departement se onderrig word as voorbeeld genoem omdat die skrywer van hierdie artikel persoonlik daarby betrokke was, maar dit word sekerlik ook by ander universiteite in Suid-Afrika gedoen. In die aangehaalde werk van Muller, word volledig uitgewei oor die unieke karakter en betekenis van die Groot Trek. ’n Tersaaklike, unieke kenmerk wat hy nie noem nie omdat vaste gegewens toe nog nie beskikbaar was nie, is dat die meerderheid van die deelnemers aan die verhuising in die jare 1835 tot 1845 vandag geïdentifiseer kan word. Hierdie identifikasie sluit genealogiese besonderhede en woonplekke sowel in die Kolonie as noord van die Oranjerivier in. Uiteraard kan daar met hierdie pertinente gegewens toetsbare gevolgtrekkings gemaak word. Ongelukkig beskik historici nie oor vergelykende en meetbare gegewens van ander migrasies in Suid-Afrika nie. Wat die Groot Trek betref, stel hierdie gegewens historici in staat om met ’n redelike mate van sekerheid te kan sê dat daar in die genoemde tydperk ongeveer twintigduisend of meer mense uit die Kaapkolonie na die binneland verhuis het.<sup>4</sup> Etherington se bronne laat hom hier in die steek. Die Groot Trek was in omvang veel groter as wat hy blykbaar besef het (pp 242, 344).

## Neerhalende opmerkings

In die betrokke afdelings waarin Etherington na die Voortrekkers en hulle nalatenskap verwys, haal hy telkens die masker af en verander hy op plekke van historikus na propagandis. Soos in vroeëre werke,<sup>5</sup> is hy fel in sy kritiek ten opsigte van die Voortrekkermonument en ’n brosjure van 1986 wat die simboliek daarvan verduidelik. Hy verwys neerhalend na die fries, beelde en geromantiseerde voorstellings van hoe “The Voortrekkers, immaculately groomed and dressed, leave the Cape Colony with herds and fancy Bibles”

4. J.C. Visagie, *Voortrekkerstamouers 1835-1845* (UNISA, Pretoria, 2000), p x.

5. Vergelyk: N. Etherington, “The Great Trek in Relation to the Mfecane: A Reassessment,” *South African Historical Journal*, 25, November 1991, p 5, en my reaksie daarop in ’n ongepubliseerde referaat, “Enkele Omstrede Aspekte en Vertolkingsverskille in Verband met die Groot Trek”, gelewer tydens ’n konferensie van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, 19 Januarie 1994, Stellenbosch.

(p 344). Voorts verwys hy na die koms van demokrasie in 1994 en beweer dat die herdenkingsgeleenthede van die Voortrekkers sedertdien swak bygewoon word en dat die Voortrekkermonument in Pretoria deesdae baie min besoekers ontvang. Al hierdie dinge noem hy om die finale hou in te kry: “Afrikaner nationalism, always a doomed project because of its minority base of support, teeters on the verge of extinction. With it dies the loaded narrative embodied in the terms Great Trek and Voortrekkers – which is one reason why those terms do not figure in this history.” Ten slotte verklaar hy: die Groot Trek “has no special claim to be called Great.” Net oor hierdie onderwerpe kan ’n hele opstel geskryf word, maar die enkele sinne hierbo en ook die volgende sal hier die doel dien. Die geromantiseerde voorstellings van historiese persoonlikhede word dwarsoor die wêreld by monumente aangetref en ek kan regtig nie sien waarom dit gekritiseer moet word nie. In die lig van nuwe perspektiewe is daar moontlik sekere onsensitiewe woordgebruike in die brosjure waarna hy verwys. Ook dit is sekerlik nie eie aan Afrikanermonumente nie. Dit word oral ter wêreld aangetref en sal met die loop van tyd, indien dit nie reeds gebeur het nie, hersien word. Myns insiens het Etherington uitlatings gemaak (en in hierdie geval uit ’n vorige artikel<sup>6</sup> van hom woordeliks herhaal) wat ’n historikus nie waardig is nie. Ek kan my eie reaksie hierop soos volg opsom: Etherington het die lojaliteit van die Afrikaner jeens sy kultuurhistoriese verlede skromelik onderskat. Dit is ’n groot flater om te beweer dat die Voortrekkermonument deesdae maar min besoekers ontvang. As besienswaardigheid word dit in toenemende getalle ondersteun. In 2002 het meer as tweehonderdduisend mense byvoorbeeld daar besoek afgelê.<sup>7</sup> Herdenkingsgeleenthede by die Voortrekkermonument en die Bloedrivierterrein word steeds geesdriftig en in groot getalle bygewoon. Beide terreine het groot uitbreidings en herstelwerk ondergaan. Die Bloedrivierterrein is ongelukkig in ’n afgeleë gebied en die meeste mense besoek dit slegs tydens feestelike geleenthede. Die besture van beide komplekse beoefen nie hulle uitbreidings en kultuurbyeenkomste in isolasie nie – tussen hulle en ander kultuurgemeenskappe is daar wedersydse respek, konsultasie en samewerking, veral in die afgelope jare.

Normaalweg het ’n mens in ’n boek soos hierdie nóg die tyd, nóg die energie om al die onwaarhede, halwe waarhede, vooroordele en selfs vanselfsprekendhede uit te wys. Tog is die skrywer nou al ’n geruime tyd besig om deur middel van artikels en ook weer in hierdie boek op sekere refreine voort te bou. Om te verhoed dat hierdie artikel te lank word, wil ek verder slegs konsentreer op sommige stellings aangaande die Afrikaner en sy

---

6. N. Etherington, “The Great Trek in Relation to the Mfecane: A Reassessment, *South African Historical Journal*, 25, November 1991, p 5.

7. Jaarverslag van die Hoof Uitvoerende Beampte van die Voortrekkermonument, Pretoria, 2003.

geskiedenis waaraan vorige resensente<sup>8</sup> nie veel aandag gegee het of nie by uitgekom het nie. Vir my persoonlik het dit nog altyd voorgekom asof Etherington hom onder meer ten doel gestel het om die bydrae van die Afrikaner en Afrikanerhistorici af te takel om skynbaar volgens sy mening die ware perspektief na vore te laat kom. Wat regtig baie vreemd is, is dat hy met uitsluiting van een of twee gevalle dikwels vroeëre skrywers se foute, wat al herhaaldelik gekritiseer en reggestel is, ophaal asof dit steeds as die geldende waarheid in Suid-Afrika aanvaar word en nou eers deur hom hersien word.

### **Verkenning 'n oorsaak en gevolg van die trekgedagte**

Die verkenning van die binneland voor die Groot Trek begin 'n al hoe belangriker plek by besprekings van die oorsake van die Groot Trek inneem. Etherington het dit in die verbygaan (p 246) genoem en met Muller se gevolgtrekking volstaan dat daar nie 'n breë georganiseerde ooreenkoms onder grensboerleiers bestaan het om die binneland te verken met die oog op 'n emigrasie nie. Wat altyd in sodanige uiteensettings genoem behoort te word, is dat handels- en jagtogte in die binneland vóór die Groot Trek en selfs 'n besoek van grensboere aan Mzilikazi so vroeg as 1830,<sup>9</sup> 'n belangstelling in die binneland lewendig gehou het en 'n oorsaak vir die ontstaan van die trekgedagte was. Terselfdertyd was die binnelandse verkenning ook 'n gevolg van die ontstaan van die trekgedagte.<sup>10</sup>

### **Spore van 'n nasionale bewussyn vóór die Groot Trek**

Etherington skryf: “In later years many historians would attempt to portray the movement as an act of national self-assertion by Boers in rebellion against British rule” (p 258). In navolging van vermoedelik Muller of Van Jaarsveld, gaan hy voort deur te noem dat indien dit nasionalisme was, alle Afrikaanssprekendes van oral in die Kolonie sou getrek het en nie net hoofsaaklik mense vanuit die oostelike distrikte nie. Daar was en is moontlik steeds skrywers wat nasionalisme as belangrike faktor vir die oorsaak van die

8. Byvoorbeeld: H-NET Book Review deur Paul Landau, 16 November 2003; H-NET, Letter of Sifiso Ndlovu, 1 January 2004; M. Legassick, “The Great Treks: The Evidence”, *South African Historical Journal*, 46, May 2002; C. Saunders, “Great Treks?”, *South African Historical Journal*, 46, May 2002; N. Parsons, “Reviving the Treks Debates”, *South African Historical Journal*, 46, May 2002; N. Etherington, “Reviewing ‘The Evidence’ for The Great Treks”, *South African Historical Journal*, 47, October 2002 (laasgenoemde in antwoord op die voorgaande). Jane Carruthers het in haar resensie in *Kleio*, 34, 2002, pp 167-170, besonder positief oor sy werk gerapporteer.
9. J.C. Visagie, “'n Besoek aan Mzilikazi in 1830”, *Historia*, 37, 1, Mei 1992, pp 9-23.
10. Muller, *Die Oorsprong van die Groot Trek*, pp 257-258.

Groot Trek beskou. Etherington se onversigtige bewoording laat dit egter klink of 'n ontwakende bewussyn geen rol in die verband gespeel het nie. Muller het dit wel nie in sy *Die Oorsprong van die Groot Trek* uitgesluit nie<sup>11</sup>, maar miskien ook nie duidelik genoeg beklemtoon dat dit tog as 'n onderontwikkelde faktor en onderstroming op die vooraand van die Groot Trek aanwesig was nie. Die Trekkers se strewe na vryheid en onafhanklikheid van die Britse Regering, hoewel nie duidelik onlyn nie, was immers 'n aanduiding van wat beoog is. Aanvanklik was dit eerder 'n strewe om vry te wees van sekere toestande in die Kolonie.<sup>12</sup> Al sou daar 'n sterk gevoel van nasionale ontwaking dwarsoor die Kolonie onder die Afrikaners geheers het, sou die meeste uit die westelike distrikte waarskynlik nie aan die emigrasie deelgeneem het nie omdat die ander knellende faktore nie in só 'n mate in hulle distrikte aanwesig was nie. Bowendien het veel meer mense uit die westelike distrikte getrek as wat Etherington blykbaar besef – uit Clanwilliam en Swellendam was daar byvoorbeeld meer as tweehonderd gesinne.<sup>13</sup> Hy voeg verder by dat die meeste Trekkers min of geen onderwys geniet of eiendom besit het nie. Min van hulle het inderdaad behoorlike onderwys geniet, eenvoudig omdat sodanige geriewe nie bestaan het nie. Verreweg die meeste kon lees en skryf, en in hulle pioniersomstandighede was dit nogal veel gesê.

### **Was die Trekkers hoofsaaklik grondlose mense met 'n grondhonger?**

Etherington is onder die indruk dat die meerderheid mense wat aan die Groot Trek deelgeneem het, nie grond besit het nie, terwyl die sterk vermoede bestaan dat die meerderheid van die gesinshoofde wel op eiendoms-, erfpag-, lenings- of rekwesplase in die Kolonie geboer het. 'n Stelling dat die boere wat getrek het, eintlik grondlose mense was, pas blykbaar mooi in by sommige skrywers se argumentasie dat die Voortrekkers grootliks gemotiveer was deur 'n versugting na grond. Skrywers moenie eiendomlose trekboere met Voortrekkers verwar nie. Sonder om onnodig op besonderhede in te gaan, kan as teendeel genoem word dat 'n redelike persentasie van die gesinshoofde wat getrek het, vooruitstrewende boere in die Kolonie was. Die meerderheid van die nagenoeg dertig trekleiers kan volgens destydse standarde as ryk mense bestempel word. 'n Klassieke voorbeeld is dié van die trekleier Pieter Daniël

- 
11. Muller, *Die Oorsprong van die Groot Trek*, pp 208-222 (veral p 212).
  12. J.C. Durand, "Die Voortrekkers se Ideaal van Vryheid en Onafhanklikheid 1836-1854." MA-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1974, hoofstukke 1 en 2.
  13. H. Gonzales, "'n Histories-kritiese Ondersoek na die Uittog van Blankes uit die Distrik Swellendam, c. 1835-1845." MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1993, bylaag 1; Visagie, *Voortrekkerstamouers 1835-1845*, pp xi-xii.

Jacobs van Beaufort met sy twaalf plase, erwe en groot veetroppe.<sup>14</sup> Ongetwyfeld was daar 'n redelike groot aantal suksesvolle grensboere wat hulle grondgebied sou wou uitbrei, maar by die oorsake van die Trek het grondhonger 'n ondergeskikte rol gespeel. Dit wil natuurlik nie sê dat ander griewe in verband met grondbesit nie 'n belangrike veroorsakende faktor van die Groot Trek was nie. Soos dikwels deur historici beklemtoon, moet die onderskeie griewe en oorsake in samehang met mekaar beoordeel word.

### Slawejagters en grondgulsigheid

Daar was geen sprake dat die Voortrekkers 'n land gesoek het waar slawerny wettig bedryf kon word nie. Waarom was dit dan vir die skrywer nodig om, nadat hy gewys het op die gevare van so 'n lang reis, by te voeg dat “The attractions of a land where slavery was legal could not outweigh these perils. Besides, very few of the trekkers had been substantial slave-holders. Their main objective was to find land free for the taking” (p 249). Hier is twee bekende bestanddele – slawejagters en grondgulsigheid – wat sekere skrywers so dikwels iewers invleg sodat oningeligtes maklik die indruk sal kry dat dit die oorsake van die verhuising, asook twee uitstaande kenmerke van die Afrikaner-emigrante was. Die ideale vestigingsgebied vir die emigrante sou waarskynlik aan die volgende kenmerke moes voldoen: voldoende goedkoop grond wat 'n boerdery soos wat hulle dit geken het, sou toelaat; veiligheid op hulle grond sonder vrees vir aanvalle; sekerheid van grondbesit; 'n regering wat hulle waardes sou nastreef en 'n land waar genoeg vry-arbeiders beskikbaar was. Hoewel daar baie minder slawebesitters in die oostelike as westelike distrikte was, het heelwat boere in die oostelike distrikte nogtans enkele slawe besit. Meer welvarende het selfs beduidende hoeveelhede slawe gehad. As gevolg van die skaarsheid van bruikbare, betroubare arbeiders, was die besit van selfs enkele slawe 'n besondere bate.<sup>15</sup> Die vrystelling van slawe op 1 Desember 1834 en die daaropvolgende vier jaar waartydens die slawe ingeboekte arbeiders by hulle voormalige eienaars sou wees, het ook vir diegene wat net een of twee slawe besit het, ernstige finansiële en arbeidsverliese in die vooruitsig gestel en inderdaad ook verliese meegebring. Nogtans het die meerderheid van die grensboere die nuwe bedeling aanvaar en duidelik in hulle versoekskrifte laat blyk dat slawerny op sigself 'n onaanvaarbare praktyk was. Dit is bykans onnodig om kritici van die negentiende-eeuse wit grensboere se verhouding met ander kultuurgroepe daaraan te herinner dat hulle beoordeling nie die tydsgees uit die oog moet verloor nie.

---

14. J.C. Visagie, “Minder Bekende Voortrekkerleiers”, *Historia*, 35, 1, Mei 1990, pp 47-49.

15. H.B. Thom, *Die Lewe van Gert Maritz* (Nasionale Pers, Kaapstad, 1965), pp 59-60.

Verwysend na die Glenelg-maatreëls wat D'Urban se uitskuiwing van die grens herroep het, skryf Etherington: “When trekkers and their sympathizers [sic] spoke of a grievance about land, they meant the land which had been handed back to the Xhosa” (p 258). ’n Historikus wat só ’n veralgemenende stelling oor griewe in verband met grondbesit maak, het nie die onderwerp bestudeer nie. Enersyds noem die skrywer dat Glenelg se ingrypende veranderinge nie ’n invloed ten opsigte van die besluit om te emigreer gehad het nie omdat dit iets is wat reeds ’n lang aanloop gehad het. Andersyds beweer hy hier dat die intrekking van die grens ná die Sesde Grensoorlog (1835) wél ’n rol gespeel het. Die inkrimping van die Oosgrens het sekerlik teleurstelling veroorsaak en daar was suksesvolle boere wat hulle oë op uitbreiding gehad het, maar dit was net ’n klein slotonderdeel van ’n reeks griewe in verband met grondbesit wat reeds oor baie jare opgebou het en wat regtig nie hier herhaal hoef te word nie.<sup>16</sup>

Verder gaan die skrywer in dieselfde trant voort: “When they [dit wil sê die grensboere of Trekkers] spoke of failure to secure compensation, they meant rewards in land and cattle for the time they had spent in military service” (p 258). Eweneens met die kwessie van kompensasie van oorlogsverliese wil die skrywer voortborduur op die aanname dat die grensboere voortdurend aan hulle grondgulsigheid toegegee het. Bowendien word die bal weer hopeloos mis geslaan: die grensboere is nie betaal vir militêre diens nie – hulle moes self sorg vir ’n geweer, ’n perd en klere, asook vir die eerste paar dae se kos! Trouens, die wit en gekleurde burgers was gewoon daaraan en selfs trots daarop dat hulle nie vir kommandodiens vergoed is nie. Gebruikmaking van die burgermag was vir die Britse Regering seker een van die goedkoopste maniere om oorlog te voer. Kompensasie-eise deur grensboere na afloop van die oorlog was hoofsaaklik vir perde, osse en waens wat van hulle deur die gereelde troepe gekommandeer is, asook vir vernietiging van hulle plase en toerusting onderwyl baie van hulle op kommando was. Dit is ’n bekende feit dat die kompensasie wat wel betaal is, hopeloos tekortgeskiet het. Beeste en perde wat van grensboere gesteel is, moes deur hulle op Staatsveilings van buitvee teruggekoop word, maar omdat kompensasiegeld dikwels nie ontvang is nie, of stadig en onvoldoende uitbetaal is, kon baie dit nie bekostig nie. ’n Groot grief was dat boere nie toegelaat is om hulle eie gesteelde vee (veral ryperde) wat teruggekry is en onder die troppe opgemerk is, dadelik in ontvangs te kon neem nie. Alle gebuite vee is eers lank daarna op veilings verkoop en die kans om jou eie diere terug te kry, was blykbaar skraal. As

---

16. J.C. Visagie, *Die Trek uit Oos-Rietrivier. Studies oor die Groot Trek* (Stellenbosch, 1989), onder meer pp 16-23.



gevolg van die oorlog het heelwat ander ellendes die grensboere te beurt geval. Dit kan in die ondergemelde bron nageslaan word.<sup>17</sup>

Die sin wat op bogenoemde bewering volg, is ook nie korrek nie en word nie in konteks geplaas nie. Dit lui: “When they spoke about insecurity, they meant the insecurity they felt when they saw Mfengu and other Africans traveling freely about the country instead of being compelled to work for farmers” (p 258). Hierdie was ’n bekende filantropiese bewering wat destyds nie bewys kon word nie. Ek is bevrees dat professor Etherington heelwat meer sal moet doen as om sulke stellings sonder die opgaaf van enige bronne aan te bied. Xhosa-sprekendes is nie deur die Britse Regering binne die Kolonie toegelaat sonder toestemming wat vooraf verkry moes word nie. Mfengu is na die oorlog binne die Kolonie tot sekere gebiede beperk en was nie toegelaat om na willekeur rond te beweeg nie. Vanselfsprekend sou rondswerwende bendes van hierdie mense in die grensgebied onrus en onsekerheid skep omdat veediefstalle en ander oortredings voortdurend aan die orde was. Klagtes in die verband was beslis nie daarop gemik om die mense by boere ingeboek te kry nie. Ten spyte van ’n skaarste aan arbeiders, was die meeste wit grensboere nie bereid om vreemde rondlopers by hulle in diens te neem nie. Die gevoel van onveiligheid was egter ’n jarelange knelpunt wat wit grensboere moes verduur. Dit was beslis nie net gekoppel aan die rondlopende Mfengu of ander swartmense nie. Dit is ’n herhaaldelik bewese oorsaak van die Groot Trek en kan meestal nie aan die inboek van arbeiders gekoppel word nie.

### **Die *Aborigines Committee*, Glenelg, Stockenström en die grensboere**

Etherington het in Hoofstuk 9 van sy werk, “The coming of the Boer trekkers, 1836-8”, heelwat aandag gegee aan die veelbesproke dispuut tussen enersyds goewerneur D’Urban en sy aanhangers (byvoorbeeld die Grahamstadse koerantredakteur Robert Godlonton en baie van die Oos-Kaapse Britse Setlaars) en Afrikaanssprekende grensboerleiers soos Uys en Retief, en andersyds ondersteuners van lord Glenelg se Oosgrensbeleid soos ondersteun deur bekende filantropie en natuurlik ook die destyds nuut aangestelde luitenant-goewerneur Andries Stockenström. Etherington is aan die kant van die “onweerlegbare” bevindings (p 245) van die *Aborigines Committee* en lord Glenelg. Verbasend genoeg vir ’n historikus skets hy ’n redelik eensydige, holruggeryde prentjie wat seker ter wille van die agtergrond vir sy studente opgedis moes word (p 245). ’n Uiteensetting van die voorafgaande was ook vir hom nodig om eindelijk daarop te kan wys dat Glenelg se maatreëls na die

---

17. J.C. Visagie, “Verset teen die Burgermilisieplan van 1835”, *Historia*, 38, 2, November 1993, pp 77-85 (veral p 80).

Sesde Oosgrensoorlog en sy beskuldiging dat die wit boere die aggressors was wat die Xhosa-inval uitgelok het, die laaste strooi was wat sommige Oosgrensboere laat trek het (p 246). 'n Belangrike punt wat hy nalaat om te noem, is dat Godlonton se laasgenoemde bewering heelwat waarheid ingehou het wat sekere grensboere wat nog gehuiwer het, betref. Die feit dat Glenelg die uitskuif van die Kolonie se grondgebied herroep het, was egter nie so belangrik vir die Afrikanerboere as die beswadding van hulle naam en ondankbaarheid wat uit sy briewe gestraal het nie. Enige navorser wat die Oosgrenskorrespondensie bestudeer het, sal bevestig dat die Oosgrensboere besonder gesteld was op hulle naam en verontwaardig toegekyk het hoe sekere filantropie en reisigers die een aanval na die ander op hulle verhouding met die ander bevolkingsgroepe geloods het. Glenelg, die *Aborigines Committee* en Stockenström het wetend of onwetend hierdie vlam aangeblaas en die boere moes magteloos toekyk hoe wette gemaak word waarin hulle geen inspraak gehad het nie.

Hoewel maar net in die verbygaan (p 245), gooi Etherington sy gewig in by sommige skrywers wat nie nalaat om daarop te wys dat Andries Stockenström, “raised among Boer farmers” was nie en dat hy gereeld na die Afrikanerboere as sy “countrymen” verwys het. Ten spyte van laasgenoemde feit – gaan Etherington voort – het ook Stockenström as nuwe luitenant-goewerneur, na sy terugkeer uit Engeland waar hy voor die *Aborigines Committee* getuig het dat die ou grensverdedigingstelsel onwerkbaar was, gevind dat hy nou in die Kolonie as 'n werktuig van die filantropie gebrandmerk was. Ek gaan dit maar ignoreer dat die arme, maar tog talentvolle Stockenström dikwels as stok gebruik word om die Afrikanerboere by te kom en die lesers van hierdie bespreking daarop wys dat Etherington dit genoem het om die aandag daarop te vestig dat die Kaapse Britse administrasie as gevolg van die tweespalt tussen die D'Urban-Godlonton-Setlaarfaksie en die Glenelg-Stockenström-filantropiefaksie, heeltemal verlam is. Dit sou egter meer insig gegee het indien die skrywer genoem het dat die breuk tussen Stockenström en die Afrikanergrensboere hoogs waarskynlik 'n beduidende rol gespeel het in baie boere se finale besluit om te trek. Toe die grensboere vra dat die luitenant-goewerneur aan hulle verduidelik wat hy oor hulle in Londen getuig het, het Stockenström hom ongelukkig opgeruk en so 'n hoogmoedige toon aangeslaan dat die kloof tussen hom en die boere nie oorbrug kon word nie.<sup>18</sup>

---

18. J.L.M. Franken, *Piet Retief se Lewe in die Kolonie* (HAUM, Kaapstad, 1949), pp 381-384; J.C. Visagie, “Die Koonapkerk en Propaganda”, *Historia*, 21,1, Mei 1976, p 19.

## Piet Retief

Etherington se voorstelling van Piet Retief as 'n geldsugtige opportunist wat tot op die laaste nog die trekgedagte bekamp het, maar tog daarin belanggestel het omdat dit die belofte van die verkryging van grond ingehou het, is 'n onkundige en bevooroordeelde siening (p 257). Dit is wel waar dat Retief tot baie laat nog gehuiwer het of hy sou trek, maar as 'n mens sy besluite en motiverings in konteks wil beskou, moet die voorafgaande jare van kontak tussen Retief en sy vriende in die omgewing, plus sy verhouding met amptenare soos onder andere Stockenström, ontleed word. Retief se huiwering was nie daaraan te wyte dat hy eers gewag het op nuus oor hoe die voorlopers gevaar het en om te sien of die binneland veilig was, soos Etherington dit wil hê nie. Al hierdie feite is, soos Etherington behoort te weet, reeds jare gelede in besonderhede nagevors en beskryf. Dit is onnodig vir my om dit hier te herhaal.<sup>19</sup> Die Afrikanerboere, insluitend Retief, was beslis nie sonder foute nie, maar Etherington se evaluering is ondeurdag en gaan dikwels té ver.

Dit is onakkuraat om te beweer dat grensboerleiers soos Uys en Retief bewustelik in die hande van Godlonton en kie gespeel het in hulle stryd teen Glenelg se Oosgrensbeleid (pp 257-258). Hulle sou wel van die voortgaande konflikte in die Koloniale politiek geweet het, maar vir hulle was daar belangriker sake op die spel en 'n gemoedstemming wat al vir jare opgebou het. Hulle het nie genoeg belang daarby gehad om hulle nou by die een of die ander drukgroep te skaar nie. Indien Godlonton en sy meelopers hulle (Afrikanerboere) emigrasie as bykomende motivering wou gebruik of misbruik om 'n punt te bewys, was dit nie deur die toedoen van die Afrikanerboere nie. Terloops, Retief was 'n veldkommandant van die streek, en nie 'n veldkornet nie (p 257).

Retief se terughaal van Dingane se vee wat deur Sekonyela se mense in 'n strooptog gebuit is, is 'n verdere gebeurtenis waar Etherington sy lesers inlig dat Retief moontlik oneerlik opgetree het. Etherington betwyfel dit of die strooptog onder Dingane se beeste deur Sekonyela uitgevoer is, aangesien die stropers van gewere en perde voorsien was en Westerse klere gedra het. Bowendien het die stropers sommige van die Zulu-beeswagters toegeroep dat hulle "boere" was. Aangesien daar tweedrag onder die Voortrekkers was, spekuleer Etherington dat die stropers in der waarheid 'n afvallige groep Voortrekkers kon gewees het. Verder beweer hy dat Retief se brief van

19. Indien die skrywer nie Afrikaans goed verstaan nie, sal hy met moedeloosheid geslaan word as hy die lywige, registerlose werk van J.L.M. Franken, *Piet Retief se Lewe in die Kolonie* raadpleeg, maar dit sal noodsaaklik vir 'n deeglike evaluering van Retief wees. Heelwat inligting oor Retief kan ook gevind word in: Muller, *Die Oorsprong van die Groot Trek*; Visagie, *Die Trek uit Oos-Rietrivier. Studies oor die Groot Trek*.

23 Oktober 1837 aan Stockenström só vertolk kan word dat Retief hier by voorbaat 'n alibi vir homself geskep het, in geval die Trekkers van die diefstal beskuldig sou word, soos Dingane toe wel later gedoen het (p 264). Retief en 'n paar manne was onderweg na Dingane om oor grond te onderhandel en in die genoemde skrywe vanaf Port Natal het Retief gemeld dat hy op 20 Oktober 1837 daar aangekom het. In die brief het hy sy begeerte uitgespreek om so gou as moontlik met Dingane samesprekings te voer. Hy het geglo dat Sekonyela 'n gewaagde rooftog op Dingane se beeste van stapel gestuur het en dat Dingane die skuld daarvan op hulle (die Trekkers) sou pak, aangesien Sekonyela met 'n kommando te perd toegeslaan het en ongeveer tweehonderd beeste, asook twintig tot dertig skape verby hulle laer gejaag het. Sedertdien – het Retief voortgegaan – het hy vasgestel dat dit wel die vee van Dingane was.<sup>20</sup> Te midde van bekende getuienis, is Etherington bereid om twyfel te saai en verdagte omstandighede te skep waarvoor geen gronde bestaan nie. Moontlik was hy onbewus daarvan dat Erasmus Smit reeds in sy dagboek aangeteken het dat die Trekkers vanuit die laer op twee geleenthede en weer op 7 Desember 1837 waargeneem het hoe 'n “stroopbende” van Sekonyela beeste van Dingane gebuit het;<sup>21</sup> dat die groepie Zuluhelpers en veeherders wat Dingane met Retief vir die aanja van vee en ander take saamgestuur het, geen beeste van Dingane onder die Trekkers se vee kon gewaar nie; dat hierdie einste Zuluhelpers saam met Retief en sy manne getuies was van hoe die gesteelde beeste se spore reguit na Sekonyela se woonplek gelei het; dat hierdie Zulu die gesteelde beeste onder Sekonyela se troppe uitgewys het en dat Sekonyela eindelik toegegee het dat sy mense aan die rooftog skuldig was.<sup>22</sup> Moontlik sal bostaande die skrywer nou laat begryp waarom Retief (wat enkele maande tevore 'n vriendskapsverdrag met Sekonyela gesluit het) vervolgens met 'n “theatrical attack on Sekonyela” (p 264) vorendag gekom het, die Tlokwa-leier in boeie geslaan het en die gesteelde beeste en dies meer van hom geëis het. Retief het sekerlik die Tlokwa-ruiters se strooptog op Dingane se vee en die feit dat hulle hulle as Afrikanerboere voorgedoen het, as 'n vyandige daad en verbreking van die vriendskapsakkoord vertolk.

20. J.C. Chase (ed), *The Natal Papers. A Reprint of all Notices and Public Documents Connected with that Territory ... from 1498 to 1843 I* (Struik, Cape Town, 1968), pp 125-126 (Letter: P. Retief – A. Stockenström, 23 October 1837). Chase vermeld soos gewoonlik nie sy bron nie en ook nie aan wie die brief gerig was nie, maar G.S. Preller vermeld in *Piet Retief* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1920), pp 156-158, dat dit aan Stockenström gerig was en in die *South African Commercial Advertiser* van 16 Desember 1837 gepubliseer is. Die koerantweergawe van die brief bring aan die lig dat Chase die laaste twee sinne uitgelaat het.
21. E. Smit, “Dagboek”, in G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense II* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1920), p 152.
22. D.P. Bezuidenhout, “Herinneringe van Daniel Pieter Bezuidenhout”, in G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense III* (Nasionale Pers, Kaapstad, 1922), pp 151-153; Preller, *Piet Retief*, pp 168-169, 172-173, 183, 188-189, 194-195, 216-217.

Dit is duidelik dat Etherington die egtheid van die Retief-Dingane-traktaat sterk betwyfel en sodoende sy lesers beïnvloed om self in die toekoms 'n vraagteken agter die dokument, waarvan die oorspronklike nie meer bestaan nie, te plaas (pp 281-282). Weer word een van Etherington se gunsteling temas herhaal – in dié geval dat die Voortrekkers tog so graag grondafstand op papier wou hê!<sup>23</sup> Die skrywer staan 'n halwe bladsy af aan 'n uiteensetting van die traktaat en sy bevraagtekening daarvan. Sy ernstige agterdog teen die dokument word met geen bron toegelig nie. Daar was reeds tagtig jaar gelede 'n volledige ontleding en ondersoek na die egtheid van dié dokument,<sup>24</sup> maar blykbaar het Etherington nog nooit daarvan gehoor nie. Hy sal egter oortuigende dokumente en beredenering moet voorlê indien hy in die toekoms só 'n bewering wil herhaal.

### **Bloukrans- en Boesmansrivier: “an awful defeat”?**

In verband met die Zulu-aanvalle op die Voortrekkers langs die Bloukrans- en Boesmansrivier, gee die skrywer 'n kort, gebalanseerde oorsig en kom tot die slotsom (p 266) dat meer as 530 Trekkers gedood en ongeveer 25 000 beeste geroof is. Volgens die skrywer is dit uit Zuluperspektief beskou, 'n “huge victory, equal to the greatest of Shaka’s campaigns.” Vir die Trekkers was dit “an awful defeat.” Verrassingsaanvalle van hierdie aard kom dikwels in die Suid-Afrikaanse geskiedenis voor en volgens my mening kan dit merendeels nie “oorwinnings” genoem word nie. Eweneens is daar dan nie sprake van 'n nederlaag (“defeat”) nie omdat diegene wat aangeval is, nie 'n gelyke kans gehad het om slag te bied nie. Meer gepaste kommentaar sou in die eerste geval “'n suksesvolle verrassingsaanval” en in die tweede “'n groot verlies” gewees het. Die feit is dat indien die Trekkers in staat was om hulle gebruiklike oorlogsmetode te volg, die Zulu-aanval heel waarskynlik afgeslaan sou gewees het. 'n Verrassingsaanval kan eweneens nie met 'n gewone oorlogsbotsing vergelyk word nie – ook Shaka se veldtogte word hier dus nie in billikheid beoordeel nie.

### **Italeni**

By die daaropvolgende botsing tussen die Trekkers onder Uys en Potgieter en die Zulu wat Etherington (p 267) nie spesifiek identifiseer met 'n naam of

23. Kyk ook in hierdie verband na sy opmerking op p 297 waar die mense van Ohrigstad in hulle onderhandelinge met Mswati aan hom 'n honderd beeste gestuur het, “... with the usual care for future title claims, secured his ‘X’ on a document written in Dutch, ceding to them ‘all territory ...’”.
24. Vergelyk die debat tussen Cory, Preller en Blommaert in “Die Retief-Dingaan-ooreenkoms”, *Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, 1924.

datum nie, naamlik die Slag van Italeni op 11 April 1838,<sup>25</sup> was daar wel sprake van 'n "groot oorwinning"<sup>26</sup> vir die Zulu omdat die Trekkers op grond van onvoorbereidheid nie hier verskoon kan word nie. Die onverskillige omgaan met woorde en feite kom hierdie keer te voorskyn met die stelling dat "Piet Uys, his son and many of his men were caught in the trap and died that day." Hoeveel man het daardie dag gesneuwel? Die antwoord is dat elf by Italeni omgekrom het.<sup>27</sup> Weliswaar was dit 'n uiters gevoelige slag vir die Trekkers, maar die lesers van *The Great Treks* word deur die woord "many" mislei sodat hulle kan glo dat die getal gesneuweldes heelwat meer was. Inderdaad is baie van hierdie gegewens kleiner besonderhede wat 'n mens gewoonlik nie eens sou probeer regstel nie. In die geval van Etherington se werk bring hierdie verdraaiings 'n sekere partydige atmosfeer mee wat baie lesers die indruk kan gee dat die Voortrekkers telkens die "slegte ouens" was.

### Waarom het Potgieter ná Italeni uit Natal padgegee?

Die laaste paragrafe van Hoofstuk 9 word deur Etherington gewy aan sy oortuiging dat Hendrik Potgieter en sy volgelinge Natal ná die Slag van Italeni verlaat het omdat hy Dingane se mag gevrees het en omdat die Trekkers wat die grootste veeverliese as gevolg van die Zulurooftogte gely het, geweier het om Natal te verlaat voordat hulle hulle vee teruggekry het (pp 267-268). In albei bewerings steek daar 'n mate van waarheid, maar dit weerspieël eerder die probleme van 'n historikus wat skryf oor 'n punt waarvoor hy nie die belangrikste bronne geraadpleeg het nie omdat hy blykbaar nie die taal waarin dit beskikbaar is (Afrikaans) goed verstaan nie. Etherington het volgens sy voetnote wel enkele Afrikaanstalige werke geraadpleeg. Moontlik het hy slegs enkele bladsye geneem wat hy as toepaslik beskou het en dit laat vertaal. Dit het vanselfsprekend meegebring dat hy nie al die toepaslike gedeeltes kon opspoor nie en die res aan die noodlot oorgelaat het. Potgieter se beweegredes om Natal te verlaat het eerder gewentel om sy oorspronklike oortuiging dat hy (om verskeie oorwegings) die gebied wes van die Drakensberg verkies het. Verder moes hy na die Slag van Italeni skerp kritiek verduur en is die neerlaag van die Vlugkommando voor sy deur gelê. Laasgenoemde het waarskynlik die swaarste gewoeg en verklaar ook waarom hy kort na die Slag van Italeni die berg uitgetrek het.<sup>28</sup> Onder die Trekkers wat in Natal agtergebly het, was die oorweging om hulle vee terug te wen, sekerlik in hulle gedagtes. Daar is egter min getuienis om te bewys dat hulle Natal sou verlaat sodra hulle hulle vee

25. Natalse Argiefbewaarplek (NAB), Pietermaritzburg: LP 16, Stukke in uitgestorwe boedels L-Z, Inventaris van boedels L.J. Nel en H.L.H. Bester, 17 Mei 1839, p 111.

26. Resensent se gevolgtrekking.

27. Thom, *Die Lewe van Gert Maritz*, p 236.

28. P.J. van der Merwe, "Die Matebeles en die Voortrekkers", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 49, II (Staatsdrukker, Pretoria, 1986), pp 266-267.

teruggekry het. Die oorgrote meerderheid was vasbeslote om in Natal te bly en om daar 'n nuwe tuiste te skep.<sup>29</sup> Die sterkste oorweging agter die volgende kommando teen Dingane was nie om vee te verkry nie, maar om die dood van hulle vermoorde trekgenote te wreek.

### Potgieter, Mzilikazi en slawehandel

In verband met Potgieter se kommando's teen Mzilikazi se Ndebele kom daar heelwat feitefoute voor in Etherington se boek, wat daarop dui dat die skrywer nie die beste bronne geraadpleeg het nie. Potgieter se laer is op 23 Augustus 1836, en nie 26 Augustus 1836 nie, aangeval – die sogenaamde Vaalrivierslag. Daar was ook op 21 Augustus 1836 'n aanval deur die Ndebele op die jagkamp van S.P. Erasmus wat in die buurt van die Potgietermense vertoef het, maar nie deel van die trekgeselskap was nie. Etherington noem dat Mzilikazi, as gevolg van die vredesverdrag van 3 Maart 1836 tussen homself en goewerneur D'Urban, asook die daaropvolgende inbeweeg van die witmense in die gebied suid van hom, gevoel het dat hy verraai is. Hierdie bespiegeling oor Mzilikazi se motiewe is inderdaad 'n interessante moontlikheid (p 250). Nogtans sou dit Etherington geloon het om Van der Merwe se uitvoerige ontleding van wat Mzilikazi “besiel” het, te lees.<sup>30</sup>

Potgieter se tweede kommando teen Mzilikazi het plaasgevind in November 1837, en nie in Oktober 1837 nie (p 255). Die kommando het uit ongeveer 330 man bestaan en nie 135 nie (p 255).<sup>31</sup> Volgens Etherington was die Trekkers se tweede kommando onderneem “for booty, not vengeance” (p 255). Indien die skrywer te kenne wou gee dat hierdie aanval op die Ndebele bloot op 'n strooptog gerig was, dan slaan hy die bal mis. Dit is wel so dat die Ndebele by Vegkop nagenoeg 6 000 beeste, asook 41 000 skape en bokke gebuit het.<sup>32</sup> Selfs ná die tweede kommando is al hierdie vee nog nie teruggekry nie.<sup>33</sup> Die doel van die kommando was om hulle vee te herwin en 'n einde te maak aan onrus in die gebied noord van die Vaalrivier.<sup>34</sup>

Onder Hoofstuk 10, met die titel “Adjusting to the presence of new forces in the heartland”, behandel Etherington 'n paar sub-onderwerpe wat nie almal met mekaar verband hou nie, maar wat hy blykbaar in meer besonderhede wou beskryf. Die onder-afdelings is “Dina's trek”, “Dingane's gamble”, “The later Ndwandwe diaspora”, “The British take a hand”, “The defence of the Zulu

29. Van der Merwe, “Die Matebeles en die Voortrekkers”, p 269.

30. Van der Merwe, “Die Matebeles en die Voortrekkers”, pp 39-44.

31. Van der Merwe, “Die Matebeles en die Voortrekkers”, p 207.

32. Van der Merwe, “Die Matebeles en die Voortrekkers”, p 87.

33. Van der Merwe, “Die Matebeles en die Voortrekkers”, p 218.

34. Van der Merwe, “Die Matebeles en die Voortrekkers”, pp 191-193.

kingdom”, “The breaking of the rope”, “Zikhali and the princess Nomlalati”, “The short troubled life of the republic of Natalia”, “New warlords in the northern highveld”, en ten slotte “A new economy and struggles for land on the southern highveld” (pp 273-307).

In die afdeling “New warlords in the northern highveld” behandel die skrywer hoofsaaklik die doen en late van Hendrik Potgieter, die oor-Vaalse Voortrekkers en hulle vestiging in Ohrigstad, Schoemansdal en Lydenburg. Hy neem veral “Potgieter’s slave-trading” onder die loep, wat volgens hom *waarskynlik* ’n aanvang geneem het vroeg nadat hy en sy volgelinge die Hoëveld betree het. Etherington beweer dat dit *waarskynlik* Potgieter was wat in 1844 by Delagoabaai met 24 gewapende manne en 300 slawe opgedaag het (p 295). Etherington probeer nie om meer agtergrond oor hierdie “slawehandel” oftewel inboekstelsel te verskaf nie. Ongetwyfeld sou sy lesers daarin belanggestel het om darem te weet dat die stelsel daarvoor voorsiening gemaak het om swart kinders tot op ’n sekere ouderdom by witmense as arbeiders in te boek; dat ondanks sekere positiewe aspekte van die stelsel, tydgenootlike waarnemers dit reeds as ’n bedekte vorm van slawerny bestempel het; dat dit ondanks wetgewing daarteen ’n openlike en redelik algemene praktyk in die Zoutpansberg was en dat verskeie hooggeplaaste regeringsamptenare van die ZAR daaraan deelgeneem het.<sup>35</sup>

Uitgesluit die soms byna vyandige trant en onakkurate stellings, kan oor die algemeen saamgestem word dat die betrokkenes se bedrywighe in verband met dié kinders inderdaad aan slawerny gegrens het. Ten spyte van die skrywer se opmerking dat die handelsbedrywighe in die noordelike en oostelike dele van die oor-Vaalse streek nie net oor slawe gegaan het nie, maar dat wapens, ammunisie, ivoor en beeste ook belangrik was (p 295), kry die leser tog die indruk dat veral Potgieter, sy ondersteuners en vriende se belangrikste werksaamheid die verhandeling van kinders was. Moontlik was dit nie werklik Etherington se bedoeling nie, en is die afleiding te wyte aan sy samevattende styl. Nogtans is dit ’n aspek wat in ’n moontlike volgende uitgawe reggestel behoort te word.

In sy skynbare haas om soveel negatiewe getuienis as moontlik teen Potgieter op te stapel, het die skrywer weer hier in sy afdeling oor die “New Warlords” ’n paar belangrike foute begaan wat Potgieter en sy ondersteuners in ’n nog slegter lig gestel het. Dit is naamlik nié so dat Potgieter se “African mercenaries combined with Michael de Buys” in 1846 Sekwati, die stamhoof van die Pedi, aangeval en agtduisend van sy beeste gebuit het nie (p 297). Professor

---

35. J. Boeyens, ““Zwart Ivoor”: Inboekelinge in Zoutpansberg, 1848-1869”, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 24, Mei 1991, pp 32, 60, 62-66.



P.J. van der Merwe wat deeglik op die oorlewing en beskuldigings ingegaan het, het bevind dat sodanige bewerings “heeltemal verwerp” kan word. Volgens Van der Merwe se navorsing, het Potgieter sy oorspronklike plan om Mzilikazi in die winter van 1846 te gaan aanval, laat vaar. Pleks daarvan het hy met die hulp van Sekwati ’n aanval op laasgenoemde se broer, Melitsie, geloods. Van der Merwe het ook daarop gewys dat die laat opgetekende oorlewing dat Potgieter onmiddellik na sy aanval op Melitsie, op Sekwati se mense en hulptroepe toegeslaan het, geheel en al nie oortuigend is nie.<sup>36</sup> ’n Mens kan hier byvoeg dat Potgieter en die Afrikanerboere se botsings met swart leiers noord van die Vaalrivier nie in die regte perspektief beoordeel kan word indien die redes daarvan nie uiteengesit word nie. In die meeste van die gevalle het Etherington dit nie gedoen nie.

Bykans in dieselfde asemteug as bogenoemde bewering, gaan die skrywer voort deur na gebeure wat blykbaar in 1847 plaasgevind het, te verwys. Daarvolgens was Potgieter “... once again justifying his nickname, ‘king of the blacks’, by lending his mercenary gunmen to aid a Zulu raid on Mswati’s people” (p 297). In sy bronverwysing en nie in die teks waar dit hoort nie, noem hy verder dat Potgieter die aanklag ontken het, maar dat Zulu- en Swazigetuies saamstem dat dit wel gebeur het. As bronne gee Etherington Van der Merwe,<sup>37</sup> die Voortrekkers en ook Cetshwayo se opgetekende herinneringe aan. Blykbaar het Etherington dan Cetshwayo se herinneringe oor die gebeurtenis aanvaar, want Van der Merwe noem baie uitdruklik dat Potgieter die Ohrigstaders daaraan herinner het dat hy destyds teenoor die Volksraadslede ontken het dat hy die Zulu teen Mswati se mense aangehits het en dat die Zulu daarop inderdaad erken het dat Potgieter nie aandadig aan enige opstokery was nie. Bowendien is die dreigende botsing tussen die Zulu en Swazi toe afgeweer. Potgieter het daarop aanspraak gemaak dat hy alles in sy vermoë gedoen het om so ’n botsing te voorkom.<sup>38</sup>

Die skrywer se slordige omgaan met die gebruik van bronne en gebeure boesem nie vertroue in nie. In hierdie onderafdeling noem hy dikwels gebeurtenisse sonder om dit behoorlik in historiese konteks en kronologie te plaas, of die oorsake en gevolge daarvan aan te toon. Dit word feitlik ’n lysie van losstaande sinne en al wat blykbaar tel, is om nog ’n paar houe teen Potgieter in te kry.

’n Baie ernstige “suggestie” teen Potgieter is die verwysing na die derde kommando van Potgieter teen Mzilikazi, wat Etherington terloops weer nie in historiese verband plaas nie en selfs nie eens korrek identifiseer nie (p 297).

36. Van der Merwe, “Die Matebeles en die Voortrekkers”, pp 319-320.

37. Van der Merwe, “Die Matebeles en die Voortrekkers”.

38. Van der Merwe, “Die Matebeles en die Voortrekkers”, pp 353-354.

Hy noem dat Potgieter – dit moet in 1847 wees – met ’n krygsmag van 238 manne (dit moet eintlik ongeveer 90 tot 100 man met sowat 60 waens wees) ’n ekspedisie onderneem het om ’n veilige handelsroete na Inhambane te vind. Voorts spekuleer Etherington dat Potgieter hom onderweg teen Soshangane se krygers vasgeloop het en – vervolg die skrywer – “This would suggest that the true object of the failed expedition was an attempt to break Soshangane’s stranglehold on the trade of slaves and ivory to Inhambane” (p 297). Indien die skrywer die moeite sou gedoen het om verder in Van der Merwe se “Die Matebeles en die Voortrekkers” te lees, sou hy homself hierdie verleentheid gespaar het. Die feit is dat hierdie avontuurlike tog van Potgieter wat Van der Merwe as ’n “buitengewone kordaatstuk” bestempel, Potgieter se derde kommando teen Mzilikazi genoem kan word. Die belangrikste motief was die begeerte om ’n paar vermiste Voortrekkerkinders wat toe reeds al baie jare weg was, terug te vind. Ander dryfvere was dat die buitvee wat die vorige twee kommando’s teen Mzilikazi opgelewer het, nie as voldoende “skadevergoeding” beskou is om hulle vir verliese by Vegkop te vergoed nie en ook dat die groeiende mag van Mzilikazi by sy nuwe woonplek in die teenswoordige Zimbabwe, asook sy uitkringende strooptogte ’n groot bekommernis geword het. Die kommando is bygestaan deur ongeveer vierhonderd Tswanahulptroepe en minstens vier aanvalle is geloods waartydens ’n menigte beeste buitgemaak is. Voordat die kommando met die verenigde krygsmag van Mzilikazi slaags kon raak, het hulle huiswaarts omgedraai. Die kommando het tot ongeveer veertig kilometer duskant Mzilikazi se hoofkraal gevorder toe hulle verneem het dat die vermiste wit kinders vermoor is. Die feit dat daar soveel jare na die kinders gesoek is en dat so ’n soektog nie weer na hierdie veldtog onderneem is nie, is verdere bevestiging dat dit ’n primêre doelstelling van die kommando was. Gevolglik is toe blykbaar besluit dat dit nie die moeite werd was om voort te gaan nie. Ander redes waarom hulle omgedraai het, is waarskynlik die onbegaanbare klipperige terrein waar hulle maklik in lokvalle kon beland en ook vrees vir ’n aanval deur die hoofmag van die Ndebele. Laasgenoemde aanval het wel plaasgevind, die Tswanahulptroepe is almal gedood en byna al die buitvee is teruggeneem. Die Trekkers onder Potgieter kon ternouernood ontsnap en sonder verdere verliese na hulle tuistes terugkeer. Die kommando se optrede het Mzilikazi met ’n skok laat besef dat hy ten spyte van sy afgeleë ligging, nie veilig was nie en dat dit weer kon gebeur. Volgens Van der Merwe het dit ongetwyfeld daartoe bygedra dat Mzilikazi in 1853 probeer het om met die Voortrekkers vrede te sluit.<sup>39</sup> Etherington se totale foutiewe voorstelling van hierdie gebeurtenis en sy ywerige soeke na slawerny agter elke bos het sy motiewe maar te duidelik blootgestel.

---

39. Van der Merwe, “Die Matebeles en die Voortrekkers”, pp 359, 400-406.

### Die naam *Mfecane*

Hoewel dit nie hier die doel was om oor Etherington se uitlatings in verband met die *Mfecane* uit te wei nie, het 'n flater in sy inleidende opmerkings onder die hofie “Further refinement of the mfecane concept” opgeval. Hy het naamlik uitgewei oor die ontstaan van die benaming *Mfecane* en onder meer genoem dat die woord deur professor Eric Walker in 'n sekere betekenis in 1928 gebruik is. Volgens hom weet niemand waar Walker die woord vandaan gehaal het nie en hy beweer dat dit in geen “pre-existing dictionary of the Zulu or Xhosa languages” voorkom nie. Hy bespiegel voorts dat Walker dit self geskep het van 'n term soos byvoorbeeld *lifaqane* (p 337). Die eerste woordeboek wat ek hieroor nageslaan het, naamlik die een van Albert Kropf wat dateer uit die jaar 1915, gee die volgende: “im-Fecane, n 3. pl. Marauders, free-booters, bandits, lawless tribe, esp the followers of Matiwana, who were defeated and broken up at the Umtata in 1829.”<sup>40</sup> Soos met ander feitefoute in verband met die Groot Trek en miskien ook met die *Mfecane*, is dit duidelik dat lesers baie van Etherington se gegewens nie op sigwaarde moet aanvaar nie.

### Opsomming

Hierdie artikel fokus op professor Norman Etherington se behandeling van die Groot Trek en die rol van die Afrikaner in sy werk *The Great Treks: The Transformation of Southern Africa, 1815-1854* soos gepubliseer in 2001. Daar word veral gekyk na die waarheidsgetrouheid van sy stellings en feitemateriaal.

Sy hooftitel, *The Great Treks*, sal vir baie mense misleidend wees, aangesien hy ook migrasies van sekere swart volkere daarby insluit. In hierdie bespreking word genoem waarom die wit migrasie as “groot” bestempel word en getoon dat dit nie soseer op die fisieke grootte dui nie. Nogtans wil dit voorkom of die skrywer die getal Afrikanerboere wat aan die emigrasie deelgeneem het, onderskat. Dit is teleurstellend dat selfs Afrikanermonumente onder Etherington se pen moet deurloop. Stellings in werke uit die verre verlede word soms in hierdie boek voorgehou asof dit eers onlangs gekorrigeer is of nou eers in die ware kleure geskilder word. Die skrywer se fragmentariese uiteensetting van die oorsake van die Groot Trek en heelwat besonderhede in verband daarmee is nie altyd korrek gestel nie en skep die indruk dat hy nie regtig genoeg gelees of oral die regte bronne gebruik het nie.

---

40. A. Kropf, *A Kafir-English Dictionary* (eerste uitgawe in 1899; hierdie tweede uitgawe geredigeer deur Robert Godfrey, Lovedale Mission Press, 1915), p 102.

Die leser kry met die lees van hierdie werk dikwels die indruk dat die skrywer nagelaat het om sover moontlik menslike aksies en denke in die gees van die tyd waarin dit plaasgevind het, te beoordeel. Die Afrikanergrensboere se verhouding met Stockenström en Retief se besluit om Voortrekker te word, verg byvoorbeeld intensiewe navorsing en leeswerk en daar moet vanselfsprekend gepoog word om dit binne die konteks van die tyd te vertolk. Die skrywer probeer om Retief se optrede teenoor Sekonyela en die egtheid van die Retief-Dingane-traktaat onder verdenking te plaas. Hy ignoreer bronne wat lank gelede al die ware feite hieroor bevestig het.

Etherington val in by die refreine van ander skrywers waarin blykbaar geredeneer word dat indien jy hierdie negentiende-eeuse persoonlikhede of kultuurgroepe – by voorkeur Afrikanerboere – as slawejagters of grondgrypers kan uitwys, al is die gegewens daaroor ook hoe dun gesaai, dan het jy ’n stok gesny waarmee jy kan slaan en slaan! In hierdie geval is Hendrik Potgieter (soms word hy sommer “Hendrick Potgieter”) die sondaar wat volgens die skrywer allerlei bedenklike sake in die omgewing van Ohrigstad bedryf het. Soos in hierdie artikel uitgewys word, het Etherington die bronne nie reg vertolk of ver genoeg geles nie en word ’n foutiewe voorstelling van sekere belangrike gebeure gegee wat beslis in die geval van ’n tweede uitgawe hersien sal moet word.

### **Abstract**

#### **Etherington on the Afrikaner and the Great Trek**

This article focuses on Professor Norman Etherington’s representation of the Great Trek and the role of the Afrikaners in his work *The Great Treks: The Transformation of Southern Africa, 1815 – 1854*, published in 2001. Particular attention is given to the truthfulness of his statements and factual material.

The main title, *The Great Treks*, may mislead many readers, as Etherington uses this term also to include the migrations of some black nations. This discussion demonstrates why the white migration is seen as “great”, emphasizing that this adjective does not refer to the actual number of people involved. However, it seems as if the author underestimates the number of Afrikaner farmers who participated in the emigration. It is unfortunate that Etherington also decided to place Afrikaner monuments in the line of fire. He presents long-established research findings as if they had been corrected and represented in their true colours only recently. The author’s fragmentary representation of the causes of the Great Trek and many details associated with

these causes are not always correct and create the impression that he has either not done enough research or did not consult authoritative sources.

Readers frequently have to conclude that the author failed to evaluate human enterprise and thought within the context that produced them. For example, the relationship of Afrikaner frontier farmers with Stockenström, and Retief's decision to become a Voortrekker, require intensive research and reading and obviously demand to be interpreted within the context of their time. The author throws suspicion on Retief's dealings with Sekonyela and questions the authenticity of the Retief-Dingaan Treaty, ignoring sources which had already established the facts in this regard many years ago.

Etherington joins the voices of other writers who apparently imagine that if you can demonstrate that these nineteenth century figures or cultural groups – preferably Afrikaner farmers – were slave hunters or land grabbers, you have acquired a weapon to administer blow upon blow! In this instance Hendrik Potgieter (sometimes his name is incorrectly spelt as “Hendrick Potgieter”) becomes the villain who, according to Etherington, conducted shady business practices in the Ohrigstad area. This article demonstrates that Etherington either did not interpret the sources correctly, or did not do sufficiently extensive research. He offers an incorrect representation of some important events which suggests that revisions will be necessary if a second edition is ever considered.

### **Sleutelwoorde**

Norman Etherington, Groot Trek, Afrikanergrensboere, Voortrekkers, oorsake, bronne, historiese waarheidsgetrouheid.

### **Key words**

Norman Etherington, Great Trek, Afrikaner frontier farmers, Voortrekkers, causes, sources, historical truthfulness.

